20 Februarie 2022

PE HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

1972 - 2022

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

Program vir die dag

09:00 Oggenddiens : Bevestiging van Kerkraadslede - Ds Pieter Nel
10:00 Geloofsvormingsgroepe in onderskeie lokale

(10% van Sondag se dankoffers word gegee vir Buffelsfontein)

Geel familie sê dankie ...

Aan Ds Pieter, kerkpersoneel en gemeentelede.
Die Geel familie wil net weer ons opregte waardering uitspreek vir julle ondersteuning en liefde tydens Rufus se afsterwe. Hoogland is werklik 'n omgee Gemeente.
Baie liefde en groete Döhné

Program vir die week

Maandag: 21 Februarie
19:00 Kerkraadsvergadering

Dinsdag: 22 Februarie
14:00 Vroue Bybelstudie
18:00 Studente-kuier in die Jeuglokaal

Woensdag: 23 Februarie
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

Donderdag: 24 Februarie
10:30 Woord Werkgroep

Vrydag: 25 Februarie
05:30 Mannebediening

Hoogland Dankoffers

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Hoogland Aanlyn

079 815 9325 | facebook.com/pehoogland | #hooglandpe | PE Hoogland

GELOOF DEUR LIEFDE TOT DADE:

Erediensbediening: *Hier beleef Hoogland tans 'n tekort aan hande.*
Hoogland se Erediensbediening is 'n groep vrywilligers wat weekliks, op 'n roterende basis, help by verskillende fasette van die erediens, bv die *opneem van dankoffers, die bediening van koffie na die diens, hulp met nagmaal bediening asook die hartlike verwelkoming by die deure as u instap.*

Indien u graag wil aanmeld om iewers die Hoogland familie op hierdie manier te dien, gesels gerus met Leandra in die kerkkantoor. Die personeel onderneem om jou as nuweling mooi op te lei en deel te maak van die spesifiek span waarby jy wil inskakel.
Hierdie bediening sluit ook die digitale deel van die erediens (klank, data & "livestream") en die musiekspan in.

Hoogland Famieliekamp : 1 - 3 April te Innikloof (14km buite Hankey)
Daar is nog 10 kampstaanplekke & 2 huisies beskikbaar.
Bespreek asseblief dadelik by Leandra in die Kerkkantoor as jy en jou familie wil kom saam kamp. Moenie hierdie kuiergeleentheid misloop nie.

Vir die Hooglanders wat nie saam kan kom kamp nie, julle is welkom om die Saterdag of Sondag saam met die kampers te kom kuier, swem en lekker braai.

Die *bottelgroen* strikkie wat Ds Pieter gedurende Februarie maand sal dra, is ter bewusmaking van galblaaskanker

Hoogland Jubeljaar: #18

"NATIONAL LOVE YOUR PET DAY"
20 Februarie 2022

Hoogland reik hierdie week uit na die diere in die gemeenskap; "Save-a-Pet". Bring asseblief volgende Sondag, 27 Februarie, 1 blik/sak honde- of katkos saam na die erediens (of kom gee dit gedurende die week by die kerkkantoor af). Selfs ook 'n ou kombers sal handig wees.

Stuur ook sommer vir Hoogland 'n "selfie" van jou & jou troeteldier na 0798159325.

Besoekers en/of Nuwe intrekkers & -Lidmate

Indien u 'n nuwe intrekker of -lidmaat in die gemeente is, wil ons net sê -
Baie welkom - Mag Hoogland u geestelike tuiste word.

Neem in die brosjurevakkies 'n ***"Nuwe Lidmate"*** koevert of stuur 'n e-pos na annalize@pehoogland.co.za. Besoek ook Hoogland se webblad by www.pehoogland.co.za >>> *EK WIL...* >>> *'N LIDMAAT WORD* en voltooi die Inligtingsvorm aanlyn.

Jong volwasse (studente) Bybelstudie

Elzarie van Niekerk nooi graag ALLE Studente en jong volwassenes om Dinsdag, 22 Februarie om 18:00 by haar te kom te kom aansluit vir saamkuier - Bybelstudie. Daar is lekker koffie en 'n groot vuur so bring gerus nog studente-*pelle* en kom kuier lekker saam in die JEUGLOKAAL!

Bevestiging van Kerkraadslede

André Venter & Petro Meiring word vanoggend in die amp as ouderlinge bevestig. Baie geluk en seën vir die taak wat aan julle opgelê is.

Voorskool se GVG Groepie

Eileen Scott by die Voorskoolse GVG Groepie sien baie daarna uit om Hoogland se maatjies met sang en musiek te bedien. Hiervoor benodig hulle egter 'n CD speler asseblief. Hierdie groepie benodig ook studente / matrieks / jong meisies om op 'n roterende basis, gedurende die kwartaal, te kom help met die aanbieding van die lessies.

Laat weet asseblief vir Leandra of jy 'n CD speler het om te skenk, of bring dit gedurende die week na die Kerkkantoor. As u weet van 'n student/matrikulant wat graag sal wil kom saamspeel en leer Sondae, kontak gerus die kerkkantoor.

Uit die hart... Saam met u op die lewensee

Maak my onrustig, Here,
wanneer ek te tevrede raak met myself;
wanneer my drome so maklik waar word,
omdat ek so klein gedroom het;
wanneer ek altyd veilig tuiskom omdat ek te bang was
om die diepsee van die lewe aan te durf.

Maar my onrustig, Here,
wanneer die oorvloed van my aardse besittings
my dors na die water van die lewe laat verdwyn.
Ek het so verlief geraak op hierdie lewe
Dat ek nie meer droom van die ewigheid
saam met U nie.

Here, in ons pogings om sef die nuwe aarde te skep,
het ons, ons visie van die nuwe Hemel verloor.

Wek 'n onrus in my, Here,
'n verlange om dit saam met U
op die groter lewensee te waag.
Want daar sal ek in die storms leer
hoe groot u mag werklik is;
Wanneer daar geen land meer in sig is nie,
sal ek leer om die sterre raak te sien.

O, Here my God,
verskuif die horison van my hoop,
gee my die moed, liefde en geloof
om met U aan die stuur
vreesloos die toekoms in te vaar.

Toegeskryf aan die seevaarder Sir Francis Drake (16de Eeu)
Uit: Die Groot Gebedeboek